

## Orthanthera jasminiflora

E: Jasmine creeper

A: Melktou, Moerwortel



Soos die wetenskaplike en Engelse name aandui, herinner ons die blom aan jasmynbloeisels. Die blomme het my **oog** gevang, die tot vyf meter lang ranke amper **my voete!** Hulle lê lank uitgestrek op die sanderige grond tussen die graspolle deur; 'n mens sien hulle skaars, want hulle het baie min blare, small en tot agt cm lank. Die ranke groei straalvormig uit 'n middelpunt na alle kante toe. Soms vertak hulle ook nog.

Interessant is dat die blare wat naaste aan die plantbasis sit, amper rond is. Hoe verder hulle van die sentrum af weg is, hoe smaller groei hulle.

In die vroeë somer kan ons die jasmynagtige blomme sien en ruik. Teen hierdie tyd is die ranke meestal redelik kort afgevrete van diere of het afgebreek. Dit lyk vir my of die nuwe groei eers na die eerste goeie reën plaasvind. Uit die blomme groei dan langwerpige vruggies wat rou geëet kan word as hulle nog jonk is. Die ryp vrugte word geskil en gekook of in as gebak.



Van die plant sien ons bogronds slegs die lang ranke met min blare en natuurlik die blomme in Oktober/November. Daar is geen stam sigbaar nie; die sit in die grond. Uit hierdie ondergrondse

stam of *risoom* groei die ranke. Hulle rank op die grond, maar klim ook op in struik, (so lees ek,, gesien het ek dit nog nie).



Die risome is by die Boesmans in as gesit, sodat roofdiere afgeweer kan word. Toe maak die gerug die rondte, dat die reuk van hierdie wortelrook roofdiere aanlok. Nou word hierdie plant eintlik nie meer by die Boesmans benut nie.

By die Kwanyama-mense word oorpyn met 'n blaaraftreksek van hierdie plant behandel.

Ander gebruike is nie bekend nie.

Die gebruiklike volksbenaming *melktou* is eintlik baie verwarrend, want hierdie plant het **nie melk (latex) nie**. Die naam is seker maar ook gebruik, omdat dit ietwat na die egte melktouranke (*Sarcostemma viminale*) lyk, maar die twee spesies het niks met mekaar te doen nie. (Dalk is die ranke ook gebruik om melkkoeie se bene vas te bind, so te sê as melkriem???) Die ranke is lank genoeg en baie taai.....wie weet!?). Hoekom die plant ook *moerwortel* genoem word, weet ek nie, ek kon niks daarvoor opspoor nie.

In elk geval 'n interessante plant wat in sandgrond in baie dele van Afrika voorkom. Ons sien dit hier by ons, waar ook geelhoutbome (*Terminalia sericea*) groei.

Inligtingsbronne:

Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)

Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)

[www.kyffhauser.co.za/flora](http://www.kyffhauser.co.za/flora) (Alex Dreyer)

Teks en fotos: Anka Eichhoff

Oktober 2017